



SENIOR BURGER KONGRES TOERGROEP WILLOWS SAAMTREK

29 - 31 September

En daar verwelkom Willows die toergroep van die Noorde met sy hartlike groet naamlik, wind teen stormsterkte. Gelukkig het hulle veilig vanaf Addo gery tot by ons. Vier van Oos-Kaap se lede is net so braaf en durf die wind aan om die naweek saam met die toergroep te kuier.

Vrydagaand woon ons hulle Boekevat by en daarna kuier en gesels die heel dapperes so bietjie in die wind en ander hou maar aan die woonwaens vas om nie weg te waai nie.

Saterdag is egter 'n beter dag en hulle ry rond en besigtig die omgewing. Later sluit nog van Oos-Kaap se lede aan en Tjaart begin met sy beroemde pot. Gelukkig is die weer ons genadig en spoedig prut die vleis en groente. Die aand woon ons weer hulle Boekevat by en almal geniet die heerlike gesels in die kring.



En toe word daar geëet. Heerlik word daar gesmul aan potjie en die ete word afgesluit met koek. En toe is dit tyd om die sterretjies in die woonwaens te gaan tel.

Sondag is die woonwaens gou in 'n ry en nadat die Vader se genade oor die pad aangevra is, vertrek hulle na hulle volgende bestemming.

Ag, ja. Wat 'n voorreg om hulle so te sien vertrek en te wens ek was deel van hulle.....

Later pak ons ook maar op en vertrek huis toe. Groot dankie aan elkeen van streek Oos-Kaap wat deel was die naweek asook die besoekers.

- Jakkie Barnardo